Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding
Posbus 2151 Randburg 2125
Epos: abbo@global.co.za
webblad: www.abbo.org.za
Tel: 011 886 7414

Julie 2009

Die verlamde man in Markus 2:1-12 het vier vriende gehad wat soveel omgegee het vir sy liggaamlike en geestelike nood, dat hulle ‘n dak oopgebreek het sodat Hy by Jesus kon uitkom. Soms kom daar mense op ons pad wat verlam is deur sonde en ellende. Met ons geloof moet ons Jesus Christus aan sulke mense bedien sodat hulle geloof in aksie kan kom.

In die Julie-uitgawe van die nuusbrief word meer vertel van ABBO se toerusting in Bybelse berading asook van die geleenthede wat ons vir Bybelse berading skep, naamlik die oorbruggingsberading by Radiokansel asook assosiaatberading. Bydraes vir die ABBO-Nuus kan gestuur word aan die kantoor: abbo@global.co.za.

TOERUSTING

KURSUS 1: BYBELSE BERADING
Die kontaksessie van 6 Junie by Radiokansel is goed bygewoon. Die studente is besonder toegewyd en getuig van persoonlike groei. Die kontaksessies is gefasiliteer deur Vorster Combrink en Johan Eloff. Die werkstukke wat ingehandig word, is van goeie gehalte.

Eksamen: Die bestuur het besluit dat die eksamen-antwoorde aan die einde van die jaar volgens dieselfde formaat as die werkstukke beoordeel sal word, nl. (1) Voldoen nie aan die standaard nie; (2) Voldoen bevredigend aan die standaard; (3) Voldoen uitstekend aan die standaard. Studente sal ook skriftelike kommentaar van assesseerders ontvang op hulle antwoorde. Die eksamenuitslag tel 40% en die werkstukke gedurende die jaar 60%.

Kursus 1 Afrikaanse kontaksessie: 6 Junie

Kursus 1 Engelse kontaksessie: 6 Junie

Johan Eloff (studieleier) fasiliteer die Afrikaanse kontaksessie 6 Junie

KURSUS 2: BYBELSE BERADINGSPRAKTYK

10 studente het vanjaar ingeskryf vir Kursus 2 en die groeplede het reeds hegte bande gesmee. Die kursus help die studente om ‘n Bybelse metode van berading prakties in te oefen. Die studieleier is Vorster Combrink en die fasiliteerder vir die huidige paar werkdae is Martina Opperman.

Kobus Roux (fasiliteerder) en Vorster Combrink (studieleier) van Kursus 2

Kursus 2-studente 2009

Kursus 2: Kobus Roux (berader) in gesprek met Eric Orr (beradene)

KURSUS 3 & 4

Daar is reeds persone wat belangstel om in 2010 Kursus 3 (Gevordere Praktyk van Bybelse Berading) en 4 (Bybelse Mentorskap) te doen en inskrywings kan nou reeds gedoen word.

OUDSTUDENTE

Gauteng

Op 16 Mei het ABBO-oudstudente, -assosiate en oorbruggingsberaders by Radiokansel saamgekom. Toerusting is gegee oor "Bybelse berading aan persone met seksuele verslawings". Die spreker was Alan Lester van Grace Fellowship.

Alan Lester, geleentheidspreker op 16 Mei

Kursus 2: Natashleigh Brits beraad vir Ria Swanepoel Jan Lebogo en Anette Steenkamp is deel van die reflekteringspan

Enkele oorbruggingsberaders op 16 Mei

Wes-Kaap

Oudstudente in die Wes-Kaap kom van tyd tot tyd saam vir toerusting en onderlinge ondersteuning. Wes-Kapenaars kan vir Theresa van Vreden skakel: epos: theresavv@telkomsa.net; sel: 083 310 3823

Lenteskool te Shekinah

Baie mense in ons samelewing is verslaaf aan middels, verhoudings, kos, geld of seks. Tydens vanjaar se Lentekamp van 11-13 September sal dr Henriëtta Klaasing aan ons toerusting gee oor hoe om sulke mense op 'n Bybelse wyse te beraad. Skakel vir Marietjie by die kantoor om in te skryf.

STUDIEHULP

Daar is op die oomblik 'n paar studente wat ingeskryf is vir Kursus 1 en 2 wat nie in staat is om die volle kursusfooie te betaal nie. ABBO het 'n Studiefonds gestig om sulke studente te help. As enige oudstudent graag hulp wil verleen in die verband, skakel asb vir Marietjie by die kantoor.

KONTEKSTUALISERING VAN LEERMATERIAAL

ABBO beoog om ons die leerinhoud van Kursus 1 te herskryf vir persone wat in swart tradisionele Afrika kontekste berading doen. Temas wat hier van belang is, is byvoorbeeld armoede, werkloosheid, HIV Vigs, tradisionele geloof, ens. Oudstudente wat wil saamwerk aan hierdie projek, kan vir Vorster skakel by vcombrink@lantic.net.

SKEP VAN GELEENTHEDE VIR BERADING

ASSOSIAATBERADING

ABBO nooi oudstudente om hulle beradingsbediening in assosiasie met ABBO te bedryf. Met die assosiasie skep ABBO geleentheid vir die berader vir 'n geloofwaardige Bybelse beradingsbediening. Verskeie oudstudente is reeds as assosiate geregistreer. Skakel vir Marietjie by die kantoor vir meer inligting.

OORBRUGGINGSBERADING BY RADIOKANSEL

32 Bybelse beraders doen 24/7 oorbruggingsberading vir Radiokansel onder die bestuur van ABBO. Daar word maandeliks 'n groot aantal telefoonoproepe, briewe en eposse hanteer. Enkele sake wat die afgelope tyd aandag geniet het, is:

- Kort artikels oor verskillende beradingsonderwerpe word deurlopend op die web gepubliseer: www.radiokansel < berading < beradingstemas
- Die nuwe begroting maak voorsiening vir beperkte opvolgoproepe, veral in ernstige gevalle.
- Gebedsversoeke word op verskillende wyses hanteer deur beraders: tydens 'n telefoongesprek; soggends as die beraders voor die dagskof saam Bybel lees en bid; landswyd waar gebedgenote intree vir bepaalde versoeke.
- Daar word weekliks voorstelle aan Radio gemaak vir programme op grond van die oproepe/briewe wat ontvang is.
- Die jaarlikse assessering van die 32 oorbruggingsberaders deur bestuurder is voltooi. Die vryskut beraders is 'n toegewyde, toegeruste en groeiende span.
- Verskeie beradres het onlangs erkenning van ABBO en Radiokansel ontvang vir vyf jaar en langer diens
- Die implementering van 'n sms-beradingsdiens word tans ondersoek, veral hoe om tieners deur Mixit te bedien.

GELUKWENSING

Henriëtta Klaasing, ABBO-assesseerder, het vanjaar haar doktorsgraad verwerf aan die NWU oor: Verslawingsparadigmas en metodes van hulp. Baie geluk!